# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

**Nuusbrief Newsletter**

3 | 2025
07| 02| 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Sat 8 Feb: Krieket o.19 vs HS Drostdy
Krieket o.15 vs HS Piketberg
Ma 10 Feb: Gholfliga in Worcester
Wo 12 Feb: Valentynsbal
Vry 14 Feb: R10 Civviedag (Valentynstema)
Vry 14-15 Feb: Gholfdag (HSB en LSB bied saam aan)
Sat 15 Feb: Atletiek: Suid-Boland Kampioenskappe
Krieket o.19A vs HS Montana
Krieket o.15A vs Boland Landbou




## PERSONEEL

### CTLI NOVICE TEACHERS INDUCTION

On the 1st of February, 5 of Bredasdorp High School's teachers attended the CTLI Novice Teacher Induction. Each teacher attended sessions for their subject specialisation, meeting with subject advisors from across the Western Cape. The sessions were insightful and the BD teachers took away valuable information and resources for their classrooms and teaching practices.

Mr Sebastiaan Nieuwoudt - EGD
Mr Danlin Manual - Tourism
Miss Ella Smith and Mrs Franci Knox - English
Kyla Neethling - Afrikaans



Agter: Me Ella Smit en mnr Danlin Manuel
Voor vlnr: Me Kyla Neethling, mnr Sebastiaan Nieuwoudt en me Franci Knox

## Welkom!



Baie welkom aan me Rachel Vrettas wat op 3 Februarie by ons aangesluit het.

Me Vrettas is aangestel as debiteureklerk en sal voortaan die skoolfonds-rekeninge hanteer

**JAARTEMA: VOETSPORE**

### GIMNASIUM

Die gimnasium se vloer moes herstel word. Dit word vanjaar aan mnr Marno van Niekerk verhuur aangesien mnr en mev AD en Lou Foster na Ceres verhuis het. Dit word na skoolure hoofsaaklik vir die skoolspanne se fiksheid aangewend.

Baie dankie aan mnr Ignus Verwey van **Build-It** wat 15 sakkies sement vir die herstelwerk geskenk het. Groot waardering aan mnr Antonie du Toit van die beheerliggaam wat die projek bestuur het.

**KWARTAALTEAM**
Voete op die grond

**OVERBERG AWARD CEREMONY**

The annual Overberg Matric Award Ceremony took place this morning, the 1st of February in Caledon. The matriculants of 2024 continue to astound us with their brilliant achievements.
Bredasdorp High School is ecstatic to announce that we secured the position of Top Performing School in the district. On top of their brilliant NSC results, 4 of our 2024 matriculants also placed in the Top 10 of the Overberg Education District. Their positions are as follows:

Somé Louw - 1st Position (93,8%)
Helena Kriel – 2nd Position (90%)
Tanya van der Mescht - 7th Position (87,67%)
Jacques Harmse - 8th Position (87,33%)

Die volgende matrikulante het die beste gevaar in die Overberg Onderwys distrik in die onderskeie vakke:
Somé Louw - Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, English Home Language en Lewensoriëntering
Helena Kriel - Geografie en Rekeningkunde
Jacques en Deon Harmse - RTT (Rekenaartoepassingstegnologie) en IT (Informasietegnologie) (albei behaal 91% vir RTT en IT)

Bredasdorp High also received the following awards:

- Excellence in English Home Language
- Most Improved Distinction Percentage
- Top Higher Enrolment School in the Overberg

HSB is besonder trots op hierdie puik prestasies. Ons spog graag met hierdie toppresteerders en weet 'n blink toekoms en suksesvolle loopbaan wag op hulle. Onthou, eenmaal 'n BD, altyd 'n BD.



Mnr Retief met die trofee vir die topskool in die Overberg Onderwysdistrik



Vlnr: Jacques Harmse, Tanya van der Mescht, mnr Retief, Deon Harmse
Afwesig: Somé Louw en Helena Kriel. Hulle het reeds by die Universiteit van Stellenbosch begin.

**3de POSISIE PROVINSIAAL IN GEOGRAFIE**
Helena Kriel spog met die 3de posisie in Geografie in die Wes-Kaap. Baie geluk, Helena!

**WKOD GR 9 SISTEMIESE TOETSE 2024: UITSLAG**

Wiskunde:

68,9% van alle leerders het bo 50% behaal wat 'n 12,9 % verbetering in uitslae vanaf 2023 is en 45,5% hoër is as die provinsie se 23,4%.
HSB behaal 'n gemiddeld van 55,6% wat 20,9% meer is as die provinsie se gemiddeld van 34,7%.

Tale:

85,6% van die leerders het bo 50% behaal wat 36,8% hoër is as die provinsie se 48,8%.
HSB behaal 'n gemiddeld van 67,1% wat 18,2% meer is as die provinsie se gemiddeld van 48,9%.

Ons is baie trots op ons graad 9-leerders van 2024 asook ons graad 9 Wiskunde, Afrikaans Huistaal en English Home Language opvoeders!

## SPORT

**INTERSKOLE ATLETIEK**

Die BD's se voorbereiding, entoesiasme, vasberadenheid en gees was op 1 Februarie reg vir die interskole teen Hoërskole Overberg en Hermanus. Hoewel ons nie vanjaar die Gees- en/of Atletiekbeker kon huis toe bring nie, het die BD's hul bes gedoen en met hart en siel deelgeneem.

Hoërskool Hermanus het beide bekers gewen.



*Alicia Mukaratirwa*

### GOUE MEDALJES

| ATLEET | OUDERDOM | ITEM | UITSLAG |
|---|---|---|---|
| Alicia Mukaratirwa | Do.15 | 200m | 26.9s (rekord) |
| Jaco Henning | So.19 | DG | 34.31m |
| | | GS | 13.05m |
| Junicke Newman | Vo.19 | 200m | 28.70s |
| | | 100m | 13.56s |
| Palesa Namise | Do.17 | DG | 25.79m |
| Urlinn Henecke | So.19 | 100m | 10.96s |
| | | 200m | 22.9s |
| Rémy Wessels | Do.17 | 800m | 2:36.7min |
| Luan Coetzee | So.15 | GS | 12.59m |
| Junaid Hansen | So.19 | 400m | 52.7s |
| Nika Terblanche | Do.14 | 800m | 2:4.38.2min |
| Alexander J van Rensburg | So.19 | HS | 1.80m |
| Gervinnio Stuart | So.14 | 400 | 58.2s |
| | | 800m | 2:18.6min |
| Jaylin Gertse | Do.14 | SG | 24.78m |
| Caleb Witbooi | So.15 | 100m | 12.35s |
| Luke Gabriels | So.15 | 200m | 24.00s |
| Lee-Hayven Oerson | So.15 | DS | 11.00m |
| Madelein Engel | Vo.19 | VS | 4.66m |





### BEKERS

- Alicia Mukaratirwa as Beste Do/15-presteerder met 831 punte in die 200m
- So.19-groep

### REKORDS

- Alicia Mukaratirwa, 26.9s in 200m
- So.19 aflos ewenaar rekord, 45.5s





# INTERSKOLE 2025





## TWEEKAMP

Dirk Uys en Dirk Neethling het oor die naweek aan die Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms in Oudtshoorn deelgeneem.

Both learners represented Boland B-team in the u/17 age group. Dirk Uys achieved the 12th position, while Dirk Neethling achieved the 17th position. They competed against learners representing the Western Cape, Eastern Cape and Eden teams.

Dirk Neethling het sy persoonlike beste in die hardloopafdeling behaal en Dirk Uys sy persoonlike beste in die swemafdeling.

Ons is baie trots op hierdie twee bittereinders.




## GHOLF (Swellendam)

Op 3 Februarie het agt BD's in 'n snikhete Swellendam aan die Suid-Boland gholfliga deelgeneem en goed gevaar. Edmund O'Ehley se puik telling (26) verdien veral vermelding. Kevin Goliath (19) en John Oberholzer (17) het ook goeie tellings aangeteken.

Op die foto verskyn die spelers se tellings by hulle name.
Vlnr Jaco van Dewenter (9), Orshwill Hull (6), Matthew Brooks (11), Kevin Goliath (19), Zander Niemand (13), Edmund O'Ehley (26), Chris Kotze (3) en John Oberholzer (17)





## KRIEKET

### BD'S SE O/19A-SEUNSKRIEKETSPAN LAAT OVIES LES OPSÊ

Op 4 Februarie het die BD's en Ovies se eerste krieketspanne kragte gemeet in Caledon. Bredasdorp het die loot gewen en eerste gaan kolf. Hul teken 159 lopies in 20 boulbeurte aan. Conrad Bothma het nie teleurgestel nie en 70 lopies in ons guns aangeteken. Die Ovies kon slegs 120 lopies aanteken. Cole Coetzee het 4 paaltjies geneem.

Die BD's seëvier dus met 39 lopies. Mooi so, manne – julle maak ons trots!



## BD's SE JUNIOR KRIEKETMANNE WEN VIR OVIES

O.15B-krieketspan het op 6 Februarie teen HS Overberg gespeel.
HSB wen met 1 paaltjie. Leighton Phillips neem 4 paaltjies vir 11 lopies en Johannes van Zyl teken 30 lopies aan in 22 balle.

# HSB GHOLFDAG




Beperkte plekke is nog beskikbaar vir Vrydag, 14 Februarie 2025




## COLOUR RUN NETBAL FONDSINSAMELING

Februarie is al vir die BD-familie sinoniem met die jaarlikse Colour Run en 2025 was geen uitsondering nie. Voorwaar'n kleurryke geleentheid vir oud en jonk – leerders, ouers en vriende – om sommer net sorgeloos te lag, te stap, te hardloop en mekaar te geniet. Die deelnemers het mekaar weereens behoorlik met poeierverf gestakel. Die bont resultaat was 'n bewys dat die Bredasdorp-gemeenskap wéét hoe om gesellig saam te kuier.

Sonder ondersteuning is so 'n geleentheid natuurlik onmoontlik. Baie dankie aan **Paintsmiths Bredasdorp**, vir julle ruimhartige ondersteuning. Dit word beslis waardeer.















**Baie dankie aan elkeen wat die Colour Run ondersteun en die pret saam met die BD's geniet het!**






**TERM THEME**
Feet on the ground

**KWARTAALTEMA**
Voete op die grond